
# Lekkerbekkie Nuusbrief

**26 NOVEMBER 2014 | UITGAWE 81**

**Inhoud:**


* Gratis kinderstorie: Beertjie en die skoenlapper
* Produk van die week
* Gratis inkleurprentjie





annaemm kinderstories

**Teken in en ontvang elke week 'n gratis *Lekkerbekkie Nuusbrief*: lekkerbekkie@annaemm.co.za**


## Beertjie en die skoenlapper deur Anna Emm

Beertjie wil graag gaan visvang by die rivier. Hy loer deur die venster van sy huisie onder die bome om te sien of die son skyn. Die son skyn, ja... maar die blare aan die bome se takke wikkel in die wind. "Ek wonder of dit gaan reën?" vra Beertjie, en hy loer by die voordeur uit. Die wind waai die haartjies op sy neus deurmekaar.

'n Skoenlapper kom vrolik in die wind aangefladder. "Wat maak jy, beertjie?" vra sy.

"Ek kyk of dit gaan reën vandag," sê Beertjie, "want ek wil graag gaan visvang by die rivier, en ek kan nie gaan visvang as dit reën nie."

"Dit gaan baie beslis nie reën nie!" sê die skoenlapper nou. "Skoenlappers weet alles, en ek sê vir jou met die grootste sekerheid: DIT GAAN NIE VANDAG REËN NIE!"

Beertjie is nou opgewonde! As die skoenlapper sê dit gaan nie reën nie, kan hy mos gaan visvang! Hy gryp sy visstok en sy visvang-tassie, en glip by sy deurtjie uit. Maar digte, donker wolke het nou al voor die son ingeskuif, en dis skielik koud. "Dalk moet ek my reënjas vat?" vra Beertjie. "Net ingeval dit reën."

"Maar ek sê jou mos dit gaan nie reën nie!" lag die skoenlapper vrolik. "Skoenlappers weet alles en ek weet dit gaan beslis nie reën nie."

Beertjie besluit toe maar om die reënjas te los. As die skoenlapper sê dit gaan nie reën nie, gaan dit seker nie reën nie. Hy trek die deurtjie van sy huis toe en begin aanstap na die rivier. Maar toe Beertjie by die rivier kom, begin die eerste druppels val. Dit plons hier en daar in die water van die rivier. "Dalk moet ek daar onder die bome gaan staan?" vra Beertjie. "Net ingeval dit reën."

"Dit gaan nie reën nie, man!" sê die skoenlapper en sy duik tussen die druppels deur om nie nat te word nie. "Hierdie ou buitjie gaan sommer nou weer oor wees, en dan skyn die son weer. Jy sal sien!"

Maar die buitjie trek nie oor nie. Die reëndruppels word al hoe meer en al hoe meer. Beertjie reën papsopnat daar op die rant van die rivier – so sonder sy reënjas. En hy vang nie een enkele vis nie! Hy kyk rond vir die skoenlapper, maar sy is nie meer daar nie. Hy pak toe maar op en stap terug huis toe. Toe hy by sy huis kom het die donker wolke weggeskuif en die son skyn lekker warm op sy natgereënde lyfie. Op die stoep sien hy die skoenlapper vir hom wag.

"Ek het jou mos gesê dit gaan nie reën nie!" roep sy vrolik. "Maar ek is bly jy het besluit om liewer huis toe te kom, Beertjie, want ek is baie lus vir 'n bietjie tee. Net oor dit so 'n mooi dag is vir tee!"

Beertjie sug en lag dan. Hy dink nie meer skoenlappers weet alles nie. Maar hulle het soms goeie idees. Soos tee. Tee is 'n baie goeie idee vir 'n reëndag. Maar eers, dink Beertjie, gaan hy homself voor 'n lekker warm vuurtjie droog maak.


Verdien 'n ekstra inkomste deur 'n agent te word vir Anna Emm se kinderstorie-produkte!
**Kontak lekkerbekkie@annaemm.co.za vir meer inligting of besoek www.AnnaEmm.co.za**

**Produk van die week**

# Die mooiste Kersfees-storie...

Het jy geweet die skrywer van ons Lekkerbekkie-stories, Anna Emm, het al meer as 2000 Afrikaanse kinderstories vrygestel? Meeste van hierdie stories is op CD opgeneem deur bekende name soos Gys de Villiers, Anrich Herbst, Anna-Mart van der Mewer, Diaan Lawrenson en Vicky Davis! Lekkerbekkie Tydskriffie is 'n produk van ANNA EMM (PTY) LTD – tans die grootste vervaardiger van kinderstories in die land. Besoek www.AnnaEmm.co.za vir 'n volledige katalogus.

**"Doefdaf die donkie" is een van Anna Emm se heel mooste stories... Doefdaf word gebore met een mank pootjie. Wanneer al die ander donkies se pootjies doef-doef maak op die stofpaf, maak syne doef-daf! Daar is nie plek vir 'n mank donkie op die boer se plaas nie, en Doefdaf swerf deur die wêreld. Maar daar wag 'n baie belangrike werkie op hom. Hy weet dit net nog nie...**

**Koop hierdie CD vir slegs R80 (geldig tot Maandag 1 Des) by enige AnnaEmm agent, of kry dit teen die normale prys (R90) by 021 930 0908 | lekkerbekkie@annaemm.co.za**




**Word 'n Anna Emm storie-agent!**

As jy belangstel om self 'n agent vir Anna Emm se kinderstorie-produkte te word, kontak agente@annaemm.co.za | 021 930 0908

Gratis inkleurprentjie

# Beertjie en die skoenlapper illustrasie deur Elanie Bieldt



Verdien 'n ekstra inkomste deur 'n agent te word vir Anna Emm se kinderstorie-produkte!
**Kontak lekkerbekkie@annaemm.co.za vir meer inligting of besoek www.AnnaEmm.co.za**